- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Preke
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Potgooi van preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Bekendstellingsvideo
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boeke te koop
- Aanlynwinkel
- Registreer vir epos
- Search


# Hoofstuk van die dag: Jeremia 25

> *So het die Here die God van Israel vir my gesê: Vat hierdie beker uit my hand. Dit is gevul met die wyn van my toorn. Jy*

> *moet al die nasies na wie toe Ek jou stuur, daaruit laat drink. (Jer 25:15)*

Verse 15-38 is ’n bondige opsomming van Jeremia se uitsprake oor die omringende volke. Ons sal in Jer 45 – 51 weer daarby uitkom. Daarmee maak hy dit duidelik dat God nie net die God van Israel en Juda is nie, maar die God van die hele wêreld. As Hy uit die hemel brul, klink sy stem oor die hele aarde (vers 30). Ook Babel sal gestraf word (vers 12).
Dit was ’n nuwe gedagte vir die mense van destyds. Destyds het die mense geglo elke land het sy eie god, en een land kan net ’n ander verower as hulle god sterker is as die verowerde land s’n. God se opdrag aan Jeremia bevestig egter dat Hy Here is oor alles en almal.
Op Pinksterdag (in Hand 2:9-11) lees ons weer van hierdie volke, maar daar is dit nie God se oordeel wat hulle tref nie, maar God se verlossende werk deur sy Gees wat oor hulle kom. Jesus het namens hulle, en ons, die oordeelsbeker gedrink!

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026